Die bome wat gebruik word vir die besemstyl se stamme is gewoonlik glad met die groeiwyse regop of skuinsstammig. Die takke neig opwaarts en verdeel in korter sytakke wat eindig in besondere fyn takkies op die punte. Wanneer hierdie fase bereik word, is die formele besemstyl volgroei. Die Pierneefstyl daarenteen kan as die informele variasie van die besemstyl beskou word.

Die Pierneefboom kan bestaan uit 'n enkele kroon of 'n boom met verskillende krone. Ons kan enersyds groepaanplantings met die sambreel-effek kweek of andersyds die styl in 'n meerstamnige variasie vorm. Die krone kan as sambrele beskou word. Om hierdie sambreel dus ten volle te kan vorm moet daar 'n raamtak-verspreiding vanaf die hoofstam wees om die volle sanbreel te kan dra.

In die geval van die enkelkroon ontwikkel die raamtakke gewoonlik naby mekaar vanaf die punt waar die stam verdeel en sprei rondom hierdie stam uit soos wa-speke van bo-af gesien. Die raamtakke groei egter krom en skeef en is nie slank en reguit soos in die geval van die formele besemstyl nie.

Die sytakke is ook gekrom en groei na die sykante toe om die basis vir dfe sambreel te vorm. Die boonste raamtakke groei na bo en sprei afwaarts sodat die onderste eindpunte die buiterand van die sambreel vorm.

Die fyner groei versprei in alle rigtings, dit wil sê na bo links en regs om 'n sig-sag voorkoms te gee aan die tipiese Pierneefstyl.

Om die boom vanaf kwekery materiaal in die Pierneefstyl te vorm, moet daar gepoog word om naas die stam, die regte sambreelbasis te vorm. Die raamtakke moet in verhouding met die stam teruggesnoei word om vandaar die sytakke en fyner takkies te ontwikkel.

Jong bome is veral geneig om lank en reguit te groei. Om dus die tipiese voorkoms aan die boom te verleen moet die raam- en sytakke bedraad word om die takke 'n sig-sag voorkoms te gee. Hoe eerder dit gedoen word, hoe makliker en hoe suksesvoller is die eindproduk. Hoe dikker die takke is, hoe moeiliker is dit om die Pierneefvoorkoms aan die boom te gee. Die latere snoei sal dus daaruit bestaan om die sambreelvorm te behou en alle sterk groei wat die vorm sal belemmer, te verwyder.

Bome in die Pierneefstyl vertoon die beste in langwerpige-, ronde- of ovaal- vormige houers. Dit is belangrik om te onthou dat die bakke nie te vlak soos in die geval van die formele besemstyl moet wees nie. Hoe eleganter en fyner die stam en takformasie hoe vlakker moet die houer wees om die nodige harmonie aan die eindproduk te verleen.

Omdat ons in die Pierneefstyl hoofsaaklik van akasias gebruik maak, sal ons dieper houers moet gebruik om die dikstamme en growwe bas te komplimenteer. Ander boomsoorte soos die Olien en Huilboerboon kan natuurlik ook gebruik word vir die styl aangesien dit nie slegs tot die Akasias beperk is nie. Grond-kleurige houers is gewoonlik verkieslik.